

Vir 'n lewe wat God verheerlik, moet jy bid

In 1 Petrus 4:1-6 word ons verseker dat Christus vir ons ou sondige lewe gely en gesterf het. Daar is nog baie lyding, maar as gelowiges moet ons die regte siening en verwagting vir die toekoms hê. Met die ou lewe het jy gebreek, maar jy sal nog aangeval en beledig word. Onthou net elkeen sal geoordeel word, die wat alreeds dood is, en die wat nog sal doodgaan of nog lewe as Christus weer kom.

In 1 Petrus 4:7-11 word die nuwe lewe wat ons moet leef, beklemtoon, juis met die oog op Christus se wederkoms. Die einde van alles is naby. Die lewe waarvan hier sprake is, is 'n lewe wat God verheerlik. Vir so 'n lewe is dit nodig om te bid. Die gebed is die asemhaling van die siel. Jou hele geestelike lewe is onmoontlik sonder gebed. Die gebed bewaar jou lewe van vervlakking. Die gebed hou jou wakker om Christus te bly verwag. Ons Here Jesus beklemtoon op so baie plekke: "Wees waaksaam en bid." As jy dit doen, sal jy in staat wees om jou Christenskap onder alle omstandighede uit te leef. Dan sal ons mekaar liefhê, gasvry wees en ons sal mekaar dien met ons gaves. As iemand swaarkry, sal ons mekaar bemoedig en ondersteun, want ons weet die einde van alles is naby.

Die einde breek aan by jou dood of as Christus weer kom. Wees jy nou biddend in die tussentyd, diensbaar in God se koninkryk. Wees selfbeheers en nugter.

Mag God ons elkeen so deur die Heilige Gees lei om te kan bid, sodat God verheerlik word in alles, deur Jesus Christus, aan wie die heerlijkheid en die krag behoort tot in alle ewigheid. Amen.

Sing: Psalm 81:12 (Totius)

Ds Lourens Kruger (Uitenhage)